Onkunde oor distonie is glo groot

'n ARTIKEL oor distonie het my diep aangegryp. Die betrokkene voel daar is nie "plek" in die gemeenskap vir haar en haar suster nie. Albei ly aan distonie. Distonie is die term wat gebruik word wanneer verwys word na ongekontroleerde bewegings wat deur die aanhoudende spiersaamtrekkings van enkele of 'n groep spiere veroorsaak word.

Herhaalde draaibewegings en draai-aksies kan mettertyd 'n abnormale postuur by byvoorbeeld kinders tot gevolg hê. Distoniese spasmas kan een gedeelte óf selfs die hele liggaam beïnvloed. Díe bewegings is geweldig pynlik, maar verminder wanneer die betrokkene slaap.

Na bewering bestaan groot onkunde by die gemeenskap en medici oor die toestand en gevolglik word dit dikwels verkeerd gediagnoseer. Die simptome kan egter misleidend wees en word glo maklik met emosionele óf sielkundige toestande verwar.
Dit veroorsaak groot onsekerheid omdat die mens se vermoë, persoonlikheid, gevoelens, sig, gehoor en sensasie deur hierdie ongekontroleerde bewegings belemmer word. Volgens kundiges word hierdie abnormale bewegings deur die basale ganglia in die brein veroorsaak – dit is die gedeelte waar spierbeheer plaasvind.

Algemene distonie begin gewoonlik in een deel van die liggaam. Die voet van 'n betrokkene kan byvoorbeeld mettertyd indraai, sodat die mens dan op die buiterand van sy/haar voet loop.

Blefarospasma is 'n fokale distonie van die spiere rondom die oë. Vroeë tekens sluit in onbeheerste flikkering van die oë, veral in helder sonlig. Aanvanklik kan slegs een oog aangetas wees, maar mettertyd word die ander oog ook betrek. Die spasmas kan die mens blind laat, terwyl sy/haar visie niks makeer nie – met ander woorde, "funksionele blindheid".

Oromandibulêre distonie is 'n fokale distonie van die kakebeen, tong en mond. Spraak en sluk word hierdeur beïnvloed. Meige se sindroom is 'n kombinasie van blefarospasma en oromandibulêre distonie en staan ook bekend as Breughel se sindroom.

Laringeale distonie is 'n fokale distonie waar spraak weens spasmas van die stembandspiere aangetas word. Die betrokkene praat met 'n fluisterstem. Spasmodiese tortikollis is 'n fokale distonie van die nek. Spasmas veroorsaak dat die nek in 'n bepaalde rigting draai en/of ruk – dikwels na een kant.

Skrywerskramp: wat ook tiksters- of gholferskramp genoem word, is fokale distonieë van die hand en/of voorarm.

Is betroubare statistieke oor die toestand in Suid-Afrika beskikbaar?

Watter instansies bied ondersteuning aan betrokkenes, familie en vriende?

Skryf aan my by: Posbus 1758, Worcester 6849 of e-pos fanie.dt@mweb.co.za.